Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Jorrer SE WYNE

# Die O.B.

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Jorrer SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 23 MEI 1945. No. 26.

# „AL WENNENDE MARSJEER ONS NA BESTEMMING"

## *Toestand Donker, Dog Geen Wanhoop*

### Adjunk-K.G. Betuig Sim atie Met Duitse Volk

*„Dit sou onchristelik en ondankbaar wees as die nasionaal-voelende Afrikaners nie die Duitse volk in die uur van sy grootste beproewing en diepste smart na 'n sinlose oorlog medelye betuig nie. Dieselfde kelk het ons volk ook geledig toe hy na die verlies van wat hom die dierbaarste op aarde was, vryheid, voor oormag en geweld moes swig", het die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, gesê toe hy verlede Dinsdag 'n byeenkoms van vroue-offisiere onder leiding van die Hoofvrou van Gebied A, genle. J. S. du Toit, in Kaapstad toegespreek het.*

*„Dit is nie alleen weens ons Dietse stamverwantskap, verwante taal en sedes dat die sielepyne van die Duitse volk trillings deur ons harte stuur nie. Dit is ook en veral omdat die Duitse volk in die stryd teen die kommunisme sy alles vir die Christelike beskawing opgeoffer het".*

Die vernietiging van die Duitse teenstand teen kommunisme kondig die ontketening van die grootste wêreldgevaar aan en daarby vir ons die stryd, en 'n oorlog wat kom, tussen die res van die Westerse beskawing en die kommunisme. En dan sal, soos nou reeds blyk, die medewerking en hulp van die Duitse beskawing weer gesoek word. Op die hiele van die wat daardie kommunistiese kolos help ontketen het, volg reeds vergelding, het genl. Smith voortgegaan.

Uit die sedelike en etiese lewe van die mensdom kan nie die bakermat van die Westerse beskawing geruk word sonder die ganse Christelike beskawing ineen te laat stort nie.

Maar 'n volk word alleen werklik oorwin as hom sy siel ontneem word. Daardie siel is vir die Duitse volk onder die grootste leier van sy tyd, Hitler, in die verdonkerende tydperk van die Christelike beskawing, gered deur 'n nuwe gees, 'n nuwe idee, aan hulle te gee.

Hy het die wêreldhervorming, die herskepping van die maatskaplike, ekonomiese en staatkundige vorms ingelui. Daarom sal daardie volk weer opstaan.

Ons bring hulde aan daardie volk!

#### GROOT TAAK

Groter as ooit is die taak en roeping van die Afrikanervolk vandag, van u as Ossewabrandwag. U sal vir u volk, u land, u God, u siel moet veg — u eie behoud, u huis en u haard.

Dit is die wêreld se donkerste tydperk, 'n omsluiering van die mensdom in die donker lamfer van die onchristelike.

U sal moet veg! U het geen keuse nie. U moet nou hier vandag besluit dat u elke bietjie energie, moed en dapperheid sal moet inspan om daardie magte van die duisternis te trotseer en te oorwin!

#### SAL OORWIN

Dit is geen noodkreet van 'n verlorende party hierdie nie. Inteendeel. Dit is ons oproep tot stryd, tot oorwinning.

Dis die Christelike beginsel: „Ek is my broer se wagter", wat moet wen, wat sal wen, want God regeer.

Binne in daardie duisternis, selfs in die donkerste skuilhoeke van die instrumente van die magte van die duisternis — die s.g. demokrasie en partyskap, handlanger van die onderdrukkende kapitalisme, wapenbroer van die kommunisme — fonkel die kooltjies van die Christelike beskawingsbeginsel, van Christelik-nasionale volksorg, „een vir almal en almal vir een".

#### AL WENNENDE

Ons staan in die oomblik van die swartste duisternis maar ook juis daarom in die oomblik van afwagting

(Vervolg op bl. 2, kol. 3)

# Oproep i/s Hulp Aan Duitse Vroue

*Onderstaande besluit in die vorm van 'n oproep is geneem op 'n vergadering van die Raad van Hoofvroue-offisiere van genle. mev. J. S. du Toit na afloop van die rede van genl. J. A. Smith:*

*„Diep onder die indruk van wat gesê is deur ons Adjunk-Komdt.-genl., wil ons graag ons daad by sy woord voeg. Ons besluit derhalwe hiermee om 'n beroep te doen op alle vroue van die Ossewabrandwag om gereed te staan met hulp wat ons sal aanbied aan die vroue van Duitsland, sodra die geleentheid hom bied. Ons glo dat die besettende moondhede, wat immers as kampvegters van die Christelike gedagte wil optree, onder die besef sal moet kom van hul Chris-*

(Vervolg in vorige kol.)

(Vervolg van volgende kol.)

*telike plig om Duitse vroue en kinders met dieselfde sorg te behandel as hul eie — en dat daar dan 'n geleentheid sal wees vir ons om ons bydraes te lewer tot versagting van die leed van 'n volk wat ook ons in die dae van ons beproewing en verowering nie vergeet het nie.*

*„Ons beveel dus aan dat elke gesin 'n pakkie in gereedheid hou, bevattende huislike benodigdhede en kledingstukke, tot tyd en wyl ons kan aankondig dat die fasiliteite vir versending in orde is.*

*„Laat ons daad 'n gebaar van menslikheid en eg-Christelike medelye wees in hierdie tye wanneer onmenslikheid en barbaarsheid hulself dikwels as beskaafd wil voordoen".*


VERLANG U NA


Blakende Gesondheid
Sterk Senuwees
'n Mooi Liggaamsbou
en

REUSEKRAG?

JOHAN HEFER
sal
u opbou van 'n swakkeling tot 'n stoere man
met
SPIERE SOOS YSTER
en
SENUWEES VAN STAAL

Dit maak nie saak hoe sieklik of swak u is nie. JOHAN HEFER se beroemde metodes sal u gesond en sterk maak.

JOHAN HEFER
Bus 3494 KAAPSTAD



JOHAN HEFER

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam ....................................................

Adres ....................................................

SPRINGBOK MEUBELS

*Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS*

Ons bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.

*Victoriaweg 171 WOODSTOCK.*

Takbesigheid:
Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.
Foon 929.

NUWE BOEKE

- GREYLING OP DIE SPOOR
  Deur A. J. Hanekom, 9/- posvry
- SUSSIE
  'n Meisiesboek
  Deur V. de Villiers, 6/4 posvry
- DIE STEM VAN MY LIEFSTE
  Daelikse Skrifoordenkinge deur Ds. J. G. H. v. d. Walt, 7/10 posvry

HERDRUKKE!
- Karin — Orion . . . . 7/10 posvry
- W. A. de Klerk — Die Skarlaken Eskadril . . . . 6/4 posvry
- Pierre Very — Moord in die Kosskool . . . . 3/9 posvry
- Hendrik Brand — Die Verlore Prins . . . . 5/10 posvry
- T. C. Pienaar — Nie vir Rykdom 10/3 posvry

Pro Ecclesia-Boekhandel
Posbus 29
STELLENBOSCH

## £1,000,000 VIR EIE ONDERGANG

Blykens 'n berig in die Guardian het Suid-Afrika ruimskoots bygedra om te verseker dat Bolsjewistiese Rusland oor Europa en die hele wêreld triomfeer. By sy afskeid na twee jaar se verblyf in die Unie het die Russiese konsul-generaal, Ziabkin, sy dank uitgespreek vir £1 milj. wat in die afgelope vier jaar ingesamel is vir „mediese hulp" in Rusland.

Aangesien Rusland, indien hy iets omgee vir mediese hulpverlening aan sy eie burgers, self die middele sou verskaf het, kan aangeneem word dat hierdie Suid-Afrikaanse bydrae 'n bedrag van £1,000,000 aan die Bolsjewistiese regering vrystel vir kommunistiese propaganda in Suid-Afrika, m.a.w. om die naturelle teen die blankes op te stook tot bloedvergieting.

Suid-Afrika het £1,00,000 bygedra tot sy eie vernietiging!

## DOEN SELF HUISWERK OM TE KAN GEE

„Dit is by my 'n groot begeerte om ook iets by te help vir ons arme mede-Afrikaners wat so gebrek ly, toe het ek besluit om my huiswerk self te doen en van die geld wat ek vir 'n bediende moes gee, 'n deel af te sonder om te stuur", skryf 'n moeder uit Louisvale, wat nie graag haar naam vermeld wil hê nie.

„Ek sluit £2 in en sal probeer gereeld te stuur, ek werk nou al drie maande so alleen. Ek voel baie gelukkig as ek dink ek werk vir 'n edele doel. Ek is al in die vyftig, dus gaan dit nie so gemaklik nie. Ek wens van die jongere susters wil ook my voorbeeld volg en al is dit slegs 'n week elke maand, sal hulle sien hoeveel mens spaar om te help en hoe jy krag kry om te werk".

'N BEROEP

***Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim te stuur na***

**S.A. Hunt, Beenmeel en Kunsmis Maatskappy, Warrenton**

***Ons betaal £7-0-0 per Ton (7/- per 100 lbs.) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat advies-briewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling is dus verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur.***

*ONS VOEDINGSVOORSIENING HANG AF VAN DIE VOORSIENING VAN BEENMEEL*

# „Regeringswraaksug" — Die K.G.

***Met die oog op regeringsoptrede, klaarblyklik na aanleiding van 'n inbraak in die kantoor van die hoof-interneringsbeampte, rig die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, onderstaande boodskap tot die Ossewabrandwag:***

*„'n Nuwe vlaag politieke arrestasies vind plaas in Pretoria. Volgens persberigte sou dit saamhang met 'n onlangse inbraak by die Gestapo- of Ogpoe-hoofkwartiere van die Regering. Sover vir noodhulp-doeleindes vasgestel kan word, is die volgende Afrikaners in hegtenis, sonder aanklag, sonder verhoor in ope hof: J. du Plessis, Southstraat, Pretoria; J. A. Labuschagne, Bloedstraat, Pretoria; C. Kruger, 11de Laan, Wonderboom-Suid, Pretoria; J. Kruger, 11de Laan, Wonderboom-Suid, Pretoria; A. van Jaarsveld, Fred. Nicolsonstraat, Pretoria; J. de Bruyn, 20ste Laan, Rietfontein, Pretoria.*

*Totdat iemand deur 'n bevoegde hof skuldig bevind word, neem ons wet aan dat hy onskuldig is. Hierdie Afrikaners word desondanks sonder aanklag in hegtenis geneem en sonder aanklag in hegtenis gehou. So handel regerings wat wraaksugtig is en hulle onbekwame handlangers.*

*Hierdie manne moet daaronder ly in winterlike tronkselle — as deel van die Afrikanerdom se lydensweg. Sal ons hul vrouens en afhanklikes laat broodgebrek ly, benewens die kommer en verdriet?*

*Dan is ons volk beskaamd! Gedenk u verpligtings aan die Noodhulpfonds en kom hulle na!*

*L a t e r : Die twee broers Kruger is sedertdien losgelaat, maar 'n minderjarige kind van onder 16 jaar word aangehou.*

# „OORLEDE" JOOD WORD BEVRY

## Leuen-Propaganda die Nek Ingeslaan

Die leuen dat die Duitsers en fasciste teenstanders sou uitroei soos Rusland gewoond is om te doen, is na die oorgawe van die Duitse leër die kop ingeslaan.

Daar is berig van 'n aantal politieke teenstanders wat deur die Duitsers in die loop van die oorlog in hegtenis geneem is, en nou deur die Geallieerdes bevry is. Onder hulle is die voormalige eerste minister van Italië wat voor Mussolini indertyd aan bewind was. Was dit „demokratiese" kommuniste wat in die plek van die „misdadiger" Mussolini destyds die bewind verower het, sou hulle vandag nie eens die graf van die ou gryse oud-premier gevind het nie.

Die voormalige eerste minister van Frankryk, die kommunistiese Jood Léon Blum, het verlede week met sy vrou uit 'n Duitse kamp in Parys aangekom, na Reuter berig. Indien dit die beleid van die Duitsers was om Jode vankant te maak, soos die gruwelberigte beweer, is dit vanselfsprekend dat hulle nie by die stomme randeiers sou begin nie, maar tog sekerlik by die leiers. Die feit dat hierdie Jode-leier ongeskonde saam met sy vrou in gevangeskap versorg is, slaan vir goed die storie die kop in van amptelike Duitse moorde op Jode.

Inderdaad het die Russe in 'n half-amptelike publikasie tevore reeds aangekondig dat Léon Blum in 'n konsentrasiekamp in Pole om die lewe gebring is!

## „AL WENNENDE MARSJEER ONS NA BESTEMMING"

(Vervolg van bl. 1 kol. 2)

van die daeraad!

Solank as daar stryd is, is daar lewe. Met vasberadenheid aanvaar die O.B. hierdie plig.

Nooit was vir my die roeping van die O.B. so duidelik, so belangrik, so eervol, so groots as nou nie. Maar ook nooit was sy pad so duidelik, so helder afgebaken en aangewys soos nou nie. Nooit was ek dan ook so seker van hierdie feit dat ons al wennende voortmarsjeer nie. Ons moet ongelowiges wees om anders te dink, te voel of te doen.

Dis nou iets meer as drie jaar gelede dat ek in redevoerings gesê het, dat die verloop van hierdie oorlog nie vir ons deurslaggewend ooit kan wees nie. Dit kan nie ons lot beslis nie. Dit kan alleen ons oorwinning verhaas of vertraag. Ek is nog nie seker op hierdie oomblik of dit vertraag of verhaas is nie. Ek is geneig om te glo, ek glo dat dit verhaas word!

### MEER AS GEWELD

Dis nie bloot wapengeweld wat die bestemming van 'n nasie laat bereik of bepaal nie. Dit is die siel, die wil. Dis die onwrikbare wil van 'n volk om te bestaan en vry te wees wat sterker as oorlogsoormag is.

Hierdie wil besit die O.B. God gee ons die krag liggaamlik om nooit te verslap en geestelik om nooit in die stryd te huiwer of ons plig te versaak nie.

Laat die kennis, die wete, dat u u plig doen, u beloning in die stryd wees. Groter skat as dit, as die gees wat u voorgangers, u voorvaders, besiel het, kan niemand u bied nie, bied die O.B. u.

Rosyne sal nie in 'n koek afsak nie as dit effens vet gesmeer word voordat dit in die deeg geplaas word. Vryf 'n bietjie botter, olie of goeie vet in die hande en vryf die vrugte dan daarin.

# S.A. Naturel Het Meer Vryheid as Russiese Werker

## KOMMUNIS SE OPENBARINGS

**Terwyl die Westerse wêreld feesvier oor die voorlopige oorwinning, is daar so tussen die vreugdebetogings 'n gedurigdeur opstuwende ondertoon van ongenoeë en onrus. Dit is 'n gevolg van die oral sigbare aangroei van die kommunistiese gevaar, soos dit uitslaan in die woelinge in Europa en die toneelspel in San Francisco.**

Dis geen wonder dat baie Angelsaksers al begin praat van die volgende wêreldoorlog teen Rusland nie. Maar oor die algemeen word die oë nog maar liewer toegeknyp om die aanrollende rooi vloed nie te sien nie.

Daarom kan dit goed wees om 'n paar gevaartekens uit onverdagte bronne vorentoe te bring.

Deur
Prof. L. J. DU PLESSIS

Die Suid-Afrikaanse arbeidersblad „Forward", wat nie kommunisties wil wees nie, maar demokratiessosialisties, verswyg die gruweldade van Rusland en wei uit oor dié van sy vyande soos alle demokrate nou doen. Natuurlik verswyg hy verder, soos hulle ook, dat naturelle-kommuniste reeds in Suid-Afrika die O.B.-generaals dreig met die lot van Mussolini en erger.

In sy uitgawe van 4 Mei is sy belangrikste nuus dan dat Molotof die hooffiguur is in „Frisco", dat die demokrasie in Frankryk en die hele Europa deur socialisme oorslaan na kommunisme soos bewys deur die jongste Franse verkiesinge en die algemene Meidag-feestelikhede oral, en dat die Arbeidersparty, d.i. demokratiese sosialisme, ook in Suid-Afrika koers begin vat na die oorwinning.

### SWART KOMMUNISME

Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese blad The Guardian van dieselfde tyd bevat ongeveer dieselfde nuus, maar het sekere verdere interessante mededelinge, b.v. 'n boodskap van die Amerikaanse neger Paul Robeson, wat die konsolidasie eis van die oorwinning oor Nazisme deur die afskaffing van kleurdiskriminasie waar dit mag bestaan, en 'n kabel na San Francisco van sekere Suid-Afrikaanse kommuniste met die voorstel om alle ras- en kleur-onderskeiding oral uit te ban as 'n fascistiese praktyk.

Ons weet natuurlik wat hierdie opkomende kommunisme ongeveer inhou, veral vir ons hier in Suid-Afrika, maar ook hoe dit die mensdom in die land van sy herkoms verslaaf het. Sy vriende vertel egter aan ons dat ons informasie op vyandelike propaganda berus en dat die kommunisme inderdaad 'n paradys op aarde skep vir die werksman.

### UIT EIE MOND

Daarteenoor gee ek dan hier 'n paar feite uit 'n geskriffie van 'n vriend van die kommunisme, 'n sekere J. F. Murphy, wat 'n amptelike voorligter is oor Rusland in die Britse leër.

Hy deel o.a. mee dat die enigste party in Rusland, die kommunistiese, slegs 3,000,000 lede het uit 'n bevolking van byna 200,000,000, d.w.s. dat die massa oorheers word deur 'n klein minderheid; dat hierdie party aan geen God glo nie en dat die lede gedurig uitgesuiwer word. Verder blyk dit dat alle werkers in diens is van die staat, d.w.s. onderworpe is aan die diktatuur van hierdie minderheidsparty van Godloënaars, dat niemand anders enige arbeid mag huur vir produksie nie, dat 'n werksman maar ongeveer die helfte van die produktiwiteit het van wat die geval is in die Weste, dat lone van verskillende klasse werkers baie skerp verskil, dat daar ook stukwerk en oortydwerk is en dat die rantsoene in die somer van 1942 in Moskou vir die MEES BEVOORREGTE werkers per man was: 1¾ pond brood per dag, 3½ pond suiker per MAAND; 7¼ pond vleis en vis saam per MAAND, 4¼ pond meel per MAAND en 1¾ pd. vet per MAAND. Ook is werkers nie vry om van werkplek te verander nie en vryheid van openbare vergadering bestaan alleen vir kommuniste.

### NATURELLE HIER VRYER

Uit hierdie paar feite is dit duidelik dat selfs ons eie naturelle hulle sogenaamde slawerny nie graag sou wil verruil vir hierdie kommunistiese werkersparadys nie.

En tog, wat is hierdie offisiële Britse voorligter se houding teenoor die Bolsjewisme? Hy prys dit nie alleen aan nie, maar verdedig sy invalle in Finland en Pole, en beloof aan Brittanje 'n blywende vrede met Rusland — alleen op een voorwaarde, nl. dat Brittanje ook soos Rusland die Duitse volk sal steun in sy komende revolusie teen die vroeëre sosiale stelsel, d.w.s. die stelsel waaruit die Nazisme voortgekom het, m.a.w. volgens hom die kapitalisme. **Kortom, vrede met Rusland vereis die bolsjewisering van Europa, en dit volgens die Britse Voorligtingsdiens self.**

Is dit dan 'n wonder dat die vreugdevure van die vredesfeestelikhede nie eintlik al te vrolik wou opvlam nie?

(Die werkie bo genoem is: J. T. Murphy: Manual of Soviet Enterprise — 2/7d. by People's Bookshop).

---

## BRITSE ERFSTUK

Politici probeer vandag so hard beduie dat die parlementêre stelsel 'n egte Boere-erfstuk is. Miskien moet hulle nog net aan die volk ook beduie hoe dit gekom het dat ons parlement opgesaal sit met die Britse reëls van prosedure. Die Burger van 22 Maart bevat o.a. die volgende paragrafie: **„Artikel 286 van die reglement van orde bepaal dat in gevalle waarvoor die reglement geen voorsiening maak nie, die toevlug geneem moet word tot die reëls en praktyk van die House of Commons van die Ryksparlement".**

Onthou sal word dat dr. Malan aan die begin van die huidige sitting hom beroep het op 'n gewoonte van die Britse Laerhuis ten koste van 'n uitspraak van dr. E. G. Jansen, voormalige Speaker van die Unie-parlement.

## TAALOORWINNING — DIE DATUM 2 MEI

Magdalena Petronella de Jager (gebore 2 Mei 1929) skryf oor die datum 2 Mei:



**Hollands toegelaat om gepraat te word in die Kaapse Parlement 1882.**

Daar is feitlik geen klein volkie waaraan so 'n geskiedenis verbonde is as die Afrikanervolk nie. Sedert die stigting van ons volk aan die suidelike hoek van donker Afrika, moes hy stry teen natuur, wilde dier en barbaar, en uiteindelik moes hy stry teen 'n sogenoemde Christelik beskaafde wêreldmoondheid.

Ongelukkig moes die lot van die Afrikaner se ideale tot niet raak en hy as 'n verowerde volk, die stryd nog steeds aanknoop om nie sy siel ook as 'n slawesiel te sien ondergaan nie.

Oorwonne met die militêre wapen het die Boer die stryd aangeknoop met die wapen van onoorwinlike moed. Die vyand van die Boer het net soos Nebukadnesar die stryd aangeknoop om dit wat die heiligste is, sy taal, te vernietig. Gelukkig bly die Boer onoorwinbaar wat sy kultuur, sy geestesgoedere, sy tradisie, sy taal, net soos 'n Daniël en sy drie vriende wat hulle nie wou laat verontreinig deur die nabootsing van 'n vreemde kultuur en taal nie.

**Die stryd van die Afrikaner was van so 'n aard dat elke dag van die jaar 'n geskiedkundige datum geword het. So staan die datum van 2 Mei 1882 as 'n geskiedkundige dag in die groot taalstryd wat daar gestry word as 'n dag van oorwinning oor die vreemde taal, toe die Boeretaal vir die eerste keer in die Brits-Parlementêre Huis gebruik was.**



NEEM TOE IN POPULARITEIT

IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2288

ONS JASSE, BAADJIE- EN JUMPERPAKKE IS VAN BEROEMDE SNYERS
U SAL DIE SNIT EN STYLE WAARDEER
Steyns
DIE DAMESWINKEL
PAROW




„Onthou u vir Van der Merwe?"

„O! ja!......hy het geluk gehad — een van die Afdelingsbestuurders is plotseling oorlede en hy is in die betrekking ingeskuif."

Hoe dikwels hoor u nie so 'n opmerking nie? Taamlik dikwels — dit wil voorkom asof die meeste welvarende manne hulle sukses aan die grillige noodlot te danke het. Maar gaan maar op sulke suksesvolle manne se loopbane in — een ding staan in elke geval as 'n paal bo water — dit is nie geluk of geniale aanleg of begiftiging deur 'n ryk bloedverwant nie, dit is OPLEIDING. Dit was die geval met Van der Merwe — die vermoë om vooruit te sien, opleiding, kwalifikasie — hy was gereed toe die kans gekom het. U weet nooit wanneer u groot kans gaan kom nie maar u kan nou begin om seker te maak dat u dit sal kan uitbuit wanneer dit kom — soos dit vroeër of later moet kom. U kan die weg van sukses volg wat deur honderde studente van T.A.K.K. betree is wat vandag invloedryke en goed besoldigde betrekkings beklee.

T.A.K.K. se korrespondensiekursusse is sowel leersaam as boeiend. Hulle bied volledige opleiding wat op die hoogte van die tyd is, in 250 vakke aan en staan onder die gedurige sorg van ten volle gekwalifiseerde voltydse en deeltydse lektore met 'n universitêre opleiding.

*Skryf om PROSPEKTUS en VRY advies vir toekomsplanne.*

TRANSAFRIKAANSE KORRESPONDENSIEKOLLEGES (EIENS) BPK.

Departement O.B., Bus 640, PRETORIA.

EX AFRICA SEMPER QUID NOVI — TA

waarby ingelyf is Universiteitskorrespondensiekursusse (Edms.) Bpk., Pretoria en Helpmekaar-Korrespondensiekollege T.O., Johannesburg.

DIE O.B., WOENSDAG, 23 MEI 1945.

# Politieke Wedstryde Sal Nie Red

Onderwyl die regering nog wag op die terugsending van duisende vorms wat uitgestuur is aan besighede in verband met werkverskaffing vir oudsoldate — besighede wat by die uitbreek van die oorlog oorgeloop het van ywer om soldate uit hul arbeidsgeledere na die front te stuur, maar nou nie tyd het om 'n vorm in te vul in belang van 'n teruggekeerde soldaat nie — onderwyl die regering so wag, kondig die Minister van Demobilisasie aan dat daar vir 60,000 soldate wat geen werk voor die oorlog gehad het nie, werk gevind moet word, sowel as vir 25,000 burgerlikes wat tydelik in die plek van soldate gewerk het en nou uitgeskop word, asook vir die talle mense wat in oorlogsfabrieke en -kantore gewerk het.

En onderwyl daar gejuig word oor die aangekondigde einde van die oorlog wat hierdie 60,000 werklose soldate saam met die 80,000 ander wat nog hul werk behou het, nou laat terugval in die burgerlike lewe, kondig die voormalige sekretaris van die behuisingskommissie, dr. E. J. Hamlin, aan dat die belofte aan soldate in verband met behuising nie nagekom kan word nie omdat dit onmoontlik is om genoeg huise te verskaf! „Beloftes is gedoen deur persone wat behoort te geweet het dat dit nie uitgevoer kan word nie. Ons sal 'n lang ruk baie onrus hê," het hy gesê.

## BELOFTES WORD VERWYTE

Die soldaat het sy plig gedoen en hy keer nou terug as 'n werklose en 'n huislose. Die geldmakers is te besig met geldmaak om aan hom te dink en die regering se beloftes word nou oorgesit nie in werk of huise nie, maar in onderlinge verwyte!

So het ons dit van die begin af voorsien. Want die fout lê nie by die of daardie persoon of party as sodanig nie. Die fout lê by die feit dat 'n klomp beroepspolitici wat gewoond is om parlementêre wedstryde te speel, belas is met die verantwoordelikheid om 'n staat te regeer. Hierdie politici, verknoei deur jarelange se praatjiesmakery, is eenvoudig nie tot dade in staat nie. Die enigste dade wat onder hul bewind gedurende die afgelope vyf jaar plaasgevind het, is dié van die leër — van die soldate.

## POLITIEKE WEDSTRYDE

Hierdie fase is egter verby en nou kom die tydperk van regeer. Politici wat hul hoogste kragontplooiing in vyfjaarlikse verkiesings vind, en wie se grootste prestasie bestaan uit die afkoping met beloftes van die grootste aantal stemme, is nou belas met die magtige taak van heropbou. Maar hoewel beloftes 'n betalende werkmetode is wanneer dit verkiesings en stemvee geld of selfs die werwing van vrywilligers vir 'n kapitalistiese oorlog, is dit nou eenmaal 'n feit dat 'n vraagstuk die neiging het om nie voor beloftes te swig nie. Dit kan alleen opgelos word met 'n daad.

En ooreenkomstig die wedstrydreëls van die parlementêre stelsel met sy twee of meer deelnemers — die regerings- en opposisiepartye — is dit nou die taak van Sy Majesteit se opponerende politici om hierdie toestand uit te buit en die werklose en huislose soldate met nuwe beloftes te werf vir 'n volgende wedstryd by die verkiesing.

## VERKEERDE STELSEL

Maar soos ons reeds beklemtoon het, lê die fout in die eerste plaas nie by die een of ander persoon of party nie, dog by die stelsel wat alle krag organiseer, nie om 'n vraagstuk gesamentlik aan te pak en op te los nie, maar om 'n slag te lewer by 'n aanstaande verkiesing teen die ander helfte van die volk.

**Solank ons van politiek en staatsbestuur 'n wedstryd maak, sal geen vraagstuk opgelos kan word nie, ongeag watter mededingende party of groep politici die wedstryd wen.**

Wat nodig is is 'n staatstelsel waarin die hele volk gemobiliseer word tot gesamentlike kraginspanning, nie om die een of ander party te laat wen nie, maar om die land en volk te red in die gees van een vir almal en almal vir een. Daardie stelsel is dié wat die Ossewabrandwag beoog waarin die verskillende beroepe en bedrywe ingeskakel sal word by die staatsbestuur in plek van die kunsmatige partye wat die een die ander voortdurend uitskakel — 'n regeringstelsel wat berus op samewerking in plek van die stryd en rusie van die partypolitiek.

# Vrede, Vrede (in Europa) en tog is daar geen Vrede

*(Deur Prof. J. A. Wiid.)*

Die verskriklike en alles-verwoestende oorlog wat byna ses jaar gelede oor die mensdom losgebars het, is wat die Europese vasteland betref, beëindig. Die moordwapens swyg en Duitsland en sy Europese bondgenote is op militêre gebied verpletterend verslaan. Die Amerikaners en Britte saam met hulle Russiese bondgenote het 'n beslissende militêre oorwinning behaal. Die geweldige oormag het eindelik geseëvier.

## HAAT EN WRAAK

Hoewel die bulderende moordtuie in Europa opgehou het om dood en verderf te spoeg, is daar van 'n waarlike Europese vrede nog geen sprake nie. Dit is waar dat die kanonne swyg maar die oorlog word met ander middels en op ander weë verder gevoer. Haat en wraak word vandag op so 'n verkwistende wyse uitgebraak soos die wêreldgeskiedenis nog nie geken het nie. Die oorlog, met moordwapens het plek gemaak vir 'n ander soort oorlog, 'n oorlog waar met subtieler wapens geveg word. Op die nek van 'n oorwonne en magtelose vyand word die ysterhiel van die oorwinnaar gedruk. Nog nooit het die Romeinse *vae victis*, die brute wee-die-oorwonnene-beleid van die oorwinnaar, volmaakter toepassing gevind nie.

As al die haat- en wraak-uitbraaksels waarvan ons daagliks in die koerante lees, in werklikhede omgeskep word, dan gaan die Duitse volk en sy bondgenote voorwaar 'n tragedie sonder weerga in die wêreldgeskiedenis tegemoet: Sy leiers sal as oorlogsmisdadigers voor 'n sogenaamde internasionale regbank verhoor word, sy hoogontwikkelde nywerhede sal in die diens van sy oorwinnaars staan, sy mannekrag sal in die lande van sy oorwinnaars weeropbouwerk moet verrig, groot Duitse gebiede sal by vreemde state ingelyf word en die Duitsland wat oorbly sal in 'n klomp klein staatjies opgesplits word. Voorwaar 'n troostelose toekoms vir die Duitsers as al die haat en wraak van hulle vyande in die daad omgeskep kan word.

Afgesien van sy uitvoerbaarheid al dan nie, is dit moeilik om te glo dat al die haat-en-wraak-dreigemente van vandag werklikhede sal word. Nie alleen sal vredesnugterheid weldra oor oorlogsdolheid seëvier nie, maar onder die oorwinnaars self sal daar waarskynlik gewedywer word om Duitse steun teen 'n Russiese of 'n Angel-Saksiese bondgenoot van vandag maar 'n potensiële Russiese of Angel-Saksiese vyand van môre. Reeds vandag sien Moskou in die Duitse proletariaat 'n toekomstige bondgenoot. Duitsers wat nie tot hierdie proletariaat behoort nie, d.w.s. die Duitse burgerlike klasse en intelligentsia sal moontlik gelikwideer of na Siberië weggevoer word. Die Westerse Geallieerdes sal waarskynlik ook hulle planne met die Duitsers hê hoewel dit lyk of die Russe ook in hierdie opsig verder gevorder het as hulle bondgenote. Dit is moontlik dat veral die Britte in die nie-proletariese Duitsers toekomstige bondgenote teen die Russe sien.

## WAAR DIE WESTE EN DIE OOSTE MEKAAR ONTMOET

Vrede, vrede en daar is geen vrede. Dit is veral waar in die verowerde gebiede waar die Westerse bondgenote hul Oosterse bondgenote ontmoet. 'n Mens kan vandag moeilik die oorsese nuusberigte lees sonder om onder die indruk te kom van 'n geweldige spanning tussen Washington en Londen aan die een kant en Moskou aan die ander kant. Daar bestaan dan ook geen twyfel nie dat die wêreld vandag in die skaduwee van 'n dreigende botsing tussen Rusland en sy bondgenote staan. Ten spyte van die roerende eensgesindheid wat daar by Teheran en Yalta tussen Stalin, Roosevelt en Churchill sou bestaan het, is daar nog altyd 'n legio baie ernstige vraagstukke wat nie alleen nie opgelos is nie maar wat selfs dreigender vorms aangeneem het. Dit is genoeg om Pole, Griekenland, Oostenryk en Duitsland te noem. Op die oomblik sit die Russe op die strategies-belangrike Deense eiland van Bornholm terwyl Stalin se beskermling Tito die belangrikste hawestad aan die Adriatiese See beset het. In Bornholm en Triëst beskik Stalin vandag oor sleutelposisies wat aan die oer-oue Russiese „Drang nach Westen" 'n nuwe en wesentlike betekenis verleen.

Die posisie van Europa en van die wêreld word vandag beheers deur die groot vraagteken of eenstemmigheid tussen Rusland en sy Westerse bondgenote nog moontlik is. Die gebeurtenisse in San Francisco is geen bemoedigende voorteken vir Amerikaanse-Britse-Russiese samewerking nie. Dit kan dan ook betwyfel word of Moskou vrywillig afstand sal doen van al die gebiede wat hy vandag op die Balkan en Sentraal-Europa beset. Kan Engeland en Amerika die Russe laat waar hulle is? Die antwoord op hierdie vraag kan alleen 'n besliste *nee!* wees.

Die posisie van die Russiese Kolos is vandag besonder sterk en dit is waarskynlik dat hy hierdie posisie teenoor sy bondgenote deeglik gaan uitbuit. Sonder Amerikaanse hulp is die militêre posisie van Brittanje teenoor Rusland vry hopeloos. Maar Amerika en Brittanje moet nog met 'n sterk Japanse vyand afreken terwyl die Russiese Kolos sy hande vry het. Die toekoms lyk voorwaar duister. Vrede, vrede en daar is geen vrede!

## HULP AAN DUITSERS

Mnr. D. G. J. Fourie van Potchefstroom skryf:

Ons moet ons vyande liefhê, en dis geen kuns om ons Duitse „vyande" lief te hê nie.

Ons is die aggressiewe brak van die suide wat sonder enige rede, en bloot om die Britse bulhond te behaag, vir Duitsland aangerand het. Vandag lê Duitsland verpletter onder die Britse kiel soos Transvaal en Vrystaat 43 jaar gelede.

In die tweede plek het ons ou skuld om te betaal. Duisende ponde is destyds in Duitsland gekollekteer vir noodleniging in Suid-Afrika.

Geagte redakteur, tienduisende Afrikaners is gewillig om iets te doen vir die edele Duitse volk. Laat daar onmiddellik na die vredesverklaring begin word om by ELKE Afrikaner vir hulle te kollekteer. Die mense wat klein gesinne het soos ek, kan gerus 'n Duitse wesie aanneem.

Maar, as die O.B. die leiding neem, sal net O.B.'s bydra. Dit het met die Noodhulpfonds ook so gegaan. Wat gaan u doen?

**DIE BELLVILLE VROUE-KOMMANDO**

hou 'n

**Gesellige Byeenkoms**

in die

KERKSAAL, BELLVILLE

**Saterdagaand, 26 Mei**

om 7.30 n.m.

**Ten behoewe van 8 Augustus-fonds.**

Verversings te koop.

Ook VOLKSPELE.

Almal welkom.

# Enkele Grepe uit die Nuus

### *KOMMUNISTIESE BETOGING*

Tydens die oorwinningsviering in Johannesburg het tienduisend naturelle onder leiding van blankes en met kommunistiese vlae vooraan die grootste betoging gehou wat Johannesburg nog van hierdie kant gesien het. Onder die uitroepe teen die Ossewabrandwag en ander nasionale groepe, is ook die volgende strydroep gehoor: „Die oorlog in Europa is verby. Maar ons oorlog hier het so pas begin".

### *DIKTATUUR BLY*

Die Britse regering het onmiddellik na die einde van die oorlog in Europa aangekondig dat alle noodregulasies geheel of gedeeltelik herroep word. In ons eie land het die Minister van Justisie egter verklaar dat daar na die vrede nog net so met noodwette regeer sal word ten einde te verhoed dat die Ossewabrandwag met behulp van demokratiese middels aan bewind kom.

### *BLY IN KAMP*

Die Minister van Justisie het in die parlement gesê dat daar geen geïnterneerde Unie-burgers uit die kamp ontslaan is na die aankondiging van die vrede nie. Op die oomblik, so het hy verklaar, word nog net die mense aangehou wat in verband met die Mentz-voorval ge-interneer is. (Onthou sal word dat adv. J. G. Strydom indertyd dr. Steyn verwyt het van „gebrek aan doeltreffende optrede".)

### *MINISTER SE VREES*

By geleentheid van 'n welwillendheidsfunksie in Kaapstad het min. J. H. Hofmeyr gesê dat die oorlog eerder gegaan het tussen twee lewenshoudings as tussen nasies. „Ons moet nie die fout begaan om aan te neem dat die beginsels waarvoor daar geveg is, sonder enige inspanning in stand gehou kan word nie. Terwyl ons leërs oor see besig was om die nazisme te beveg, het die kieme van nazisme ons bloed in Suid-Afrika besmet. Die groot gevaar is dat baie mense nie daarvan bewus is dat hulle deur die kieme besmet is nie".

### *GEEN HUISE VIR SOLDATE*

„Iemand in die regering behoort die moed te hê om aan Suid-Afrika se teruggekeerde soldate te vertel dat daar nie genoeg huise vir hulle sal wees nie — dat beloftes gedoen is wat nie nagekom kan word nie", het dr. E. J. Hamlin, eertydse sekretaris van die Behuisingskommissie, en stadsingenieur van Johannesburg, verlede week op 'n vergadering gesê. Hy het verklaar dat Suid-Afrika se minimum-behoefte 30,000 huise vir blankes en 120,000 vir nie-blankes is, en dat dit nie verskaf kan word nie weens ons deelname aan die oorlog.

### *SIMPATIE IS VERBODE!*

Dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, het verlede week in die parlement verklaar dat hy bereid is om alle nodige stappe te doen om te voorkom dat daar openbare of georganiseerde betogings plaasvind waarby simpatie teenoor Duitsland na aanleiding van sy nederlaag betoon word.


Wat 'n erkenning van 'n regering dat hy teen die wil van sy eie volk oorlog verklaar het!

### *WIL VELDTOG VERBIED TEEN KOMMUNISME*

Die Suiderstem, 'n orgaan van die Verenigde Party, doen in 'n hoofartikel 'n beroep op die regering om alle propaganda teen die kommunisme in ons land stop te sit, en wel omdat Hitler dan ook teen kommunisme geveg het! Woordeliks lui dit in sy uitgawe van 16 Mei:

„En hulle begin met dieselfde metodes wat die Nazi's in Duitsland begin het, naamlik met protesvergaderings en 'n anti-kommunistiese veldtog. Hierdie optrede gaan vroeër of later aanleiding gee tot moeilikheid in die land — moeilikheid wat die weg mag baan vir nazisme. Daarom word dit gevoel dat die Regering vroegtydig stappe moet doen om dit te voorkom en te sorg dat hierdie metodes van die bestryding van die kommunisme onder die nie-blankes in die land NIE TOEGELAAT WORD NIE.

## Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



Mnr. J. J. Stricker, van Benoni.

Op 10 Sept. 1941 in hegtenis geneem en agtereenvolgens aangehou te Benoni-polisiestasie, Brakpan-polisiestasie, Boksburg-tronk en Marshallplein. Daarna op Ganspan geïnterneer en op 6 Des. 1941 na Koffiefontein-kamp verskuif. Op 24 Junie 1943 op plaasarres uitgelaat, maar tans weer op vrye voet.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".


## VRYBURG WEN PRYS

Die prys vir die Jeugveldkornetskap wat in die tydperk 1 November 1944 tot 27 Febr. '45 die meeste geld vir die O.B.-Noodhulpfonds ingesamel het, is deur Vryburg verower. Hierdie veldkornetskap het die pragtige bedrag van £100 ingesamel, en ontvang dus die vaandel as prys. Dit sal later deur die Boerejeug-hoofkwartier aan hulle gestuur word.

Die geld vir die prys is geskenk deur 'n oud-geïnterneerde.

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

## OPLEIDINGSLAERTREK VIR OFFISIERE.



Die vlagstrykingsplegtigheid by geleentheid van die laertrek van O.B.-wag- en Boerejeugoffisiere onlangs gehou in die skilderagtige omgewing van Franschhoek. Hierdie laertrekkings is een van die gewildste van O.B.-bedrywighede, en word ook te baat geneem om voorligting te verskaf in verband met veldbewaring.

## LAERTREK GEHOU OP SKAAPKRAAL

Op Maandag, 23 April, het 32 offisiere onder hoofgeneraal J. G. S. Opperman as offisier in bevel op die plaas Skaapkraal, Leslie, Tvl. saamgetrek. Hy is bygestaan deur hfkomdt. A. P. van Heerden wat algemene toesig oor die kamp gehou het, en wat ook gesorg het dat die laergangers nie 'n oomblik ledig was nie.

In bevel van die wagte was hoofwagkomdt. J. R. Buhrman, kampkomdt. A. Louwrens en D. J. v. S. Erasmus, Kommissariaat-kommandant.

Noodhulp is deur een van die stafoffisiere waargeneem.

Die weekkursus is met die meeste aandag deur die offisiere deurgevoer.

Leersame lesings is deur hfkomdt. A. P. van Heerden gegee, o.a. oor die Boerejeug, kleurvraagstuk; die O.B.-Wag; Grondverspoeling. Die laaste is ook prakties uitgevoer.

Saterdag-middag is formeel afgesluit met vlagstryking en toesprake deur genl. Opperman en komdt. Van Heerden.

## PAROW SE BOEREJEUG

Die Boerejeug van Parow, onder leiding van hul flukse veldkornette, mej. N. Geldenhuys, het op 5 Mei 'n baie geslaagde basaar gehou ten huise van komdt. en komdte. D. Geldenhuys. Die opkoms was baie goed en die mooi bedrag van £24-12-0 is ingesamel, wat getuig van harde werk.

## PARTY-TAK STERF NA UITSKOPBEVEL

Die uitskopbeleid van die H.N.P.-leiding het op sommige plekke net die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat daarmee beoog is. So berig komdt. J. C. Opperman van Sterkstroom dat 'n lid van die H.N.P. aan hom meegedeel het dat die tak baie skade gely het as gevolg van die uitskopbevel. Al die beste Afrikaners is uit die party-tak. Dit is ook so aan die organiserende sekretaris van die H.N.P., mnr. J. A. van Wyk, gerapporteer, wat erken het dat die plaaslike tak dood is. Die betrokke lid het gesê dat daar net een redding is en dit is dat 'n nuwe tak gestig moet word waarin O.B.-lede weer toegelaat sal word in die bestuur. Mnr. Van Wyk het glo beloof om so'n aanbeveling by die hoofbestuur te doen.

ROELOU BARRY
(EDMS.) BPK.
—o—
GARAGES EN HANDELAARS
—o—
Vir Diens te:
Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Laingsburg — Koebergweg, Brooklyn

UITBOUING VAN ONS EIE PERS!
DRA U DEEL BY
DEUR NOU AANDELE TE NEEM IN
PERS-BELEGGINGSKORPORASIE BEPERK
Skryf om 'n Prospektus en Aansoekvorms aan:
Die Sekretaris,
Pers-Beleggingskorporasie Bpk.,
Posbus 1411,
Kaapstad.

# *Duitsers Het Besette Lande Nie van Voedsel Beroof Nie*

## *Beeste Vermeerder Tydens Oorlog*

Die Geallieerde leuen dat die Duitsers die lande wat hulle beset het, kaal gestroop het van alle voedselvoorrade — leuens wat dag en nag ons eie land oorstroom het — is vir die soveelste keer die kop ingeslaan by die ontsetting van Holland en Denemarke.

Dat die oorlog die Hollandse volk hard getref het, het niemand ooit betwyfel nie, maar dat die Hollanders doelbewus deur die Duitsers uitgehonger of geplunder is, het baie Afrikaners geweier om te glo — veral nadat Geallieerde korrespondente by die inval in Normandië verplig was om te erken dat hulle hul oë nie kon glo oor die baie goed wat hulle nog daar in die winkels aangetref het nie.

Ook nou weer met die „bevryding" van Holland het aan die lig gekom dat al die stories van uithongering soveel propaganda was. Volgens 'n berig van Reuter voorverlede week het brigadier Wedd van die Kanadese militêre regering verklaar dat die Hollandse voedselposisie, behalwe vir die gebied waar V-bomme bedrywig was, baie beter is as wat verwag was. „In Friesland, by voorbeeld", het hy gesê, „word geskat dat daar 25 persent meer beeste is as voor die oorlog. Gedurende Mei-maand sal daar 2,400 ton kaas en 1,000 ton botter in Friesland geproduseer word — wat meer is as wat die hele Holland in 'n maand voor die oorlog geëet het".

### STAKING

'n Rede vir die nood in sekere dele van Holland wat die Geallieerde beriggewing nie noem nie, is die voorbarige bevel deur die Hollandse regering in Londen aan sy volgelinge om in die spoorweë te staak nadat die Geallieerde inval plaasgevind het. Deur hierdie staking op bevel van die Hollandse regering self, is die vervoer-stelsel ontwrig, as gevolg waarvan 'n toestand van hongersnood ingetree het.

Dieselfde getuienis wat die Britse propaganda loëntstraf, is afkomstig uit Denemarke. **Onmiddellik na die oorgawe van die Duitse garnisoen aldaar, is berig dat Denemarke soveel voedsel het dat hy binnekort sal kan uitvoer na Engeland.** 'n Land wat kaal geplunder is deur 'n vyand, is beslis nie in staat om binne enkele maande na sy bevryding voedsel uit te voer nie! Daarvan kan Transvaal en die Vrystaat getuig uit eie ondervinding na 1902, toe die bevolking maande lank nog afhanklik was van ingevoerde voedsel.

---

Om 'n half-koppie botter af te meet: Gooi die koppie halfvol met koue water, skep botter by totdat die water net wil oorloop en gooi dan die water af.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke

*BOLAND BOTTELSTOOR*
HOOFSTRAAT 73
PAARL
Foon 984

EEUFEESPOSKAARTE
1/6
Per Dosyn
SLEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d.
FAKKELLOOPPENNINGS
Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.
EEUFEESMEDALJES
9d
Posgeld 2d.
DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS
UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
Geregistreer onder Wet Nr. 29 van 1939
PRETORIA
Kerkstraat 275
TAKKE:
Johannesburg
Vereeniging
Benoni
Kaapstad.

# Soldate Kom Terug, Maar Bestaansveiligheid Wyk

**Die oorlog is eindelik verby en die soldate moet die leër verlaat om opgeneem te word in die burgerlike lewe.**

**Dit is net al wat moet gebeur.**

**Daar moet nie nou beloftes gemaak word nie; nie gekose komitees aangestel word nie; nie planne gepubliseer of mooi klinkende toesprake gelewer word nie. Nee. Die soldate en almal wat by die oorlogspoging betrokke was, moet ingeskakel word by die burgerlike lewe. Dis al·**

● Die soldate wat terugkom, moet van 'n huis voorsien word en in 'n werkkring geplaas word, sodat hulle as produktiewe burgers van die land hulle plek in ons huishouding kan volstaan. Dit is die regering se taak en sy plig.

Daar is egter onrusbarende aanduidings dat minister Lawrence, wat hierdie taak van die regering moet uitvoer, dit wil ontduik deur soldatewerkloosheid eenvoudig af te wentel op ander elemente in die volkslewe, b.v. op die arbeiders wat verantwoordelik was vir die oorlogsproduksie tuis.

So'n stap sal niemand — mins van al die soldate — bevoordeel.

● Suid-Afrika met sy bevolking en sy bronne moet gesien word as 'n ekonomiese eenheid en die regering moet beplan vir 'n gekoördineerde ekonomiese huishouding. Alles en almal wat afbreuk kan en wil doen aan ekonomiese harmonie is vyandig en skadelik en moet uitgeroei en vermy word.

### HOOP VERDWYN

Die regering gaan reeds heropbou tegemoet met 'n ongelukkige primêre tweespalt van strewe. Daar is 'n kragtige en oorheersende kapitalistiese element in die Verenigde Party wat na wins en geleenthede vir winsmakery strewe; daar is 'n minder sterk propagandistiese element wat pleit vir sosiale regverdigheid — 'n element wat reeds deur die leiers van die party afgejak is.

● **As die regering nou in die volkslewe 'n ongunstige verskil gaan trek in sy behandeling van soldate en arbeiders, dan moet 'n mens alle hoop, selfs op die skyn van sosiale regverdigheid, laat vaar.**

Ons hoop nie dat die Verenigde Party 'n party-politieke set in die mou hou nie. Dit kan wees dat die party vir mnr. Madeley, Minister van Arbeid, en leier van die Arbeidersparty, nadat hy opgehou het om nuttig te wees vir die Verenigde Party, uit die kabinet wil dwing sonder louere. Vandaar miskien die geringe bedrag vir die pos Arbeid en die reuse-bedrag vir die pos demobilisasie, en vandaar miskien die verskil wat gemaak mag word tussen soldate en arbeiders.

● Werkverskaffing moet in sy geheel gesien en aangepak word.

### LOTSGEMEENSKAP

Die hele volk sal voortaan alle kragte moet inspan om die bestaan van elkeen van sy lede te beveilig. Veiligheid van bestaan vir die teruggekeerde soldaat, net soos vir enigiemand anders, lê opgesluit in aanskakeling en samesluiting by en met die volk. Nie as verdeelde groepe wat teen mekaar afgespeel word nie, moet ons die toekoms ingaan, maar wel as 'n lotsgemeenskap met die leuse: Een vir almal, en almal vir elkeen.

Net as elkeen borg is vir almal en almal borg is vir elkeen, kan ons die toekoms met enigsins vertroue tegemoet sien.

● Dit moet die eis van die hele volk wees: Die natuurlike eenheid van die volk moet gekonsolideer word; kunsmatige verdeeldheid mag nie geduld word nie.

## Reisplan A.K.G., Genl. J. A. Smith

| | |
|---|---|
| CHRISTIANA | 21 Mei. |
| BLOEMHOF | 22 Mei. |
| SCHWEIZER RENEKE | 23 Mei. |
| DE LA REY | 24 Mei. |
| LICHTENBURG | 25 Mei. |
| MELVALE (Dist. Rustenburg) om 2.15 n.m. | 28 Mei. |
| RUSTENBURG | 1 Junie. |
| PRETORIA (Gebiedsraad) | 2 Junie. |
| BRITS | 4 Junie. |
| ROODEPOORT 10.30 v.m. | 5 Junie. |
| GROBLERSDAL 3 n.m. | 5 Junie. |
| ROOSSENEKAL | 6 Junie. |
| MIDDELBURG | 7 Junie. |
| BETHAL | 8 Junie. |
| JOHANNESBURG (Gebiedsraad) | 9 Junie. |
| KRUGERSDORP | 11 Junie. |
| VEREENIGING | 12 Junie. |

## O.B.-Advertensie Lewer Meeste

***Daar kom nog steeds meer spontane getuigskrifte van adverteerders in wat erken dat Die O.B. die beste advertensie-medium in die land is. So skryf die prinsipaal van die Boerdery-korrespondensie-kollege, Potchefstroom, o.a. as volg onder datum 13 April:***

***„Ons wil u verseker dat ons die hoogste dunk het van die reklame-krag van u blad. Ons kan nie anders nie, want van al die tydskrifte waarin ons advertensie verskyn het, het Die O.B. steeds die grootste aantal navrae uitgelok".***

## Leuen Agterhaal

Nadat Reuter wêreldkundig gemaak het dat Mussolini by sy vermoording sou gepleit het vir sy lewe en selfs sy ryk aangebied het, kom berigte uit dieselfde nuuskantoor wat meedeel dat die Duce soos 'n held gesterf het, fier en regop. Die eerste korrespondent het dus 'n lae leuen verkondig. **En dit is hierdie soort leuens waarop die wêreld daeliks getrakteer word en wat haat en nyd veroorsaak.**

# O.B. se Beleid en Simpatie Bly Onveranderd

## GENL. SMITH STEL OPPORTUNISME VAN POLITICI AAN KAAK

**Na aanleiding van aanvalle in die H.N.P.-pers op die Ossewabrandwag, wat betoog dat die O.B. nou moet verdwyn omdat Duitsland verloor het, skryf die Adjunk-Kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, as volg:**

**Die H.N. Party soek weer 'n nuwe stok om die O.B. mee te probeer slaan. Alle middels is reeds beproef, o.a. die aanhitsing van gewetenlose regeringsagente om die O.B.-leiers te interneer. Voorbeelde hiervan is genoeg en vars in die geheue. Nou word ons weer vir Nazi's uitgemaak deur sy woordvoerder in die senaat, sen. P. van Niekerk.**

**Die nuwe stok is dat die O.B. dan alleen sou gebou het op 'n Duitse oorwinning. Nou het Duitsland verloor en nou, so glo hulle, moet die O.B. ook verloor.**

In 'n hoofartikel van Die Burger van 30 Junie, 1941 (d.w.s. toe Duitsland op die toppunt van sy mag was) onder die opskrif: „Op Eie Krag" word aangehaal wat ek sou gesê het en goedkeurend daaroor uitgewei. Daar staan:

**„'Vestig u hoop op u eie krag', het mnr. J. A. Smith, Asst.-Komdt.-genl. van die O.B. op Mosselbaai as boodskap van die O.B. aangebied".**

**Ek kan talle voorbeelde noem. Trouens, die hele optrede van die O.B. was en bly aldeur een van die vestiging van hoop op eie krag. Daarom het hy staande gebly. Elke aanval van daardie kant het nie teen Duitse hulp, maar teen die O.B. se eie afweer te pletter geloop. Die hele partywese loop hom nog te pletter teen die O.B. en noudat dit vrede is, baie gouer as wat mense dink.**

Ons en my simpatie was en is met Duitsland, net soos dr. Malan s'n ook was toe hy o.a. die krisiskomitee gestig en die O.B.-leiers vir 'n samespreking na Pretoria ontbied het. Toe het hy geglo dat Duitsland kan wen. Ek ook. **Maar ONS het die Britse imperialisme beveg; ons het tronke en kampe, galge en graftes getrotseer, nie net gekyk en gehoop dat Duitsland dit vir ons moet reg maak „om aan bewind te kom" nie. Ons het ons man gestaan teen die hele demokrasie se woede, wraaksug, onreg, vervolgsug en skinderveldtog.**

### HOOP OP DUITSLAND

Op Graafwater, sien Die Burger van 18 Julie 1941, het dr. Malan verklaar:

„Die vraag word gestel hoe ons hierdie Republiek moet verkry. Ons kan aanneem dat as Duitsland die oorlog wen, hy die Britse Ryk sal wil verswak. Dit sal hy doen deur aan te dring dat die volke binne die Ryk wat wil vry wees, van die Britse Ryk losmaak word. **Op hierdie punt stem die Duitse begeerte en ons strewe ooreen".**

Voortgaande het hy benadruk dat hy veronderstel

„Dat Duitsland in Suid-Afrika sal wil onderhandel met 'n regering wat hom vriendskaplik gesind is, dat hy graag so'n regering in die land sou sien. **Daar is maar net een so'n regering moontlik — die H.N. Party".**

Ek sien niks verkeerds in wat dr. Malan hierbo gesê het nie. As ek dit sou gesê het, in plaas van om „op eie krag te steun", sou ek my ook nie daaroor nou geskaam het nie. Ek het dit anders gestel in 'n direkte antwoord op 'n vraag van Die Burger hoe ons meen om die Republiek te verkry. Ek het dit so gestel:

**„Ons wil die volk so saamsnoer, dissiplineer en voorberei dat die volk òf deur sodanige voorbereiding die geleentheid kry òf as omstandighede die geleentheid verskaf, daarvan en van sodanige middels gebruik maak as wat die omstandighede vereis".**

Maar ek sou ook, net soos dr. Malan, enige steun van Duitsland verwelkom het. Waarom sal ek 'n goedgesinde volk verloën of uitskel as sou hulle lewensbeskouing die van Beëlsebul wees, wat dr. Malan deur die Kerk verban wil hê?

### BEROEP OP HITLER

In Die Burger van 27 Julie 1942 staan dat dr. Malan gesê het:

„Onlangs het ek (dr. Malan) op 'n vergadering in Johannesburg 'n sekere wens uitgespreek, nl. dat **Duitsland op die een of ander manier aan Suid-Afrika meer sekerheid moet gee met betrekking tot sy bedoelings met Suid-Afrika. Op my vraag het daar 'n antwoord gekom deur middel van die Duitse radio. Die antwoord is dat Duitsland die vryheidstryd van die Afrikanervolk waardeer. Duitsland het nog nooit die bedoeling gehad en sal dit nooit hê om Suid-Afrika te beheer nie".**

**Ons, die O.B., verwerp nie 'n nasie, in hierdie geval 'n stamverwante nasie, noudat hy op die slagveld verslaan is nie. As daar ooit aangetrokkenheid by my was, dan is dit nou.**

**Geestelik het hulle en dr. Malan, tot hy gesien het dat Duitsland aan verloor begin raak het, verwant gevoel. Ons in die O.B. ook, en nou nog.**

### DEMOKRASIE VERWERP

Dis mos dr. Malan wat (volgens Die Burger, 25 Maart 1941) net soos ons en net soos die Duitse leiers gesê het, nl.:

**„Demokrasie, soos ons hom ken, werk nie in die rigting van volkseenheid nie, maar bring verbrokkeling. Wat hierdie betref, het ek geen beswaar dat dit weggeveeg word nie. Die berus", so getuig dr. Malan, „op persoonlike en groepebelange wat teen mekaar bots.... Daar gaan verlore wat van die grootste belang is — die volksidee, die gees van selfopoffering".**

En nou die gesagstaat-idee waarvoor die O.B. staan, waaroor die O.B. verwyt word, en waaroor dr. Malan en ons dit so eens was — wat presies my vertolking van die inhoud en gees van die Ontwerp-grondwet weergee: In Die Burger van 25 Maart 1941, het dr. Malan gesê dat

„dit nodig is vir die eerste republikeinse regering om in sy kinderjare volmag te kry om alles te doen wat nodig is om die republiek op 'n vaste grondslag te plaas. Wanneer die republiek gestig is, kan jy alleen seggenskap gee aan mense wat hulle met die volk vereenselwig en wat genoeg tyd gehad het om dit te doen".

As ons Nazi's was weens ons uitlatings, dan ook dr. Malan. **Die verskil is net dat ons nie nou die Duitsers skop omdat hulle lê nie of nou vlug vir wat ons menings en oortuigings was toe hulle voorspoed gehad het nie.** Ons glo ons is sterk genoeg om altyd, nou meer as ooit tevore, ons hoop op ons eie krag, die krag wat die Allerhoogste 'n mens gee, te vestig. Ons gaan nie demokraties word, die partystelsel aankleef om aan die leiband van Engeland of Amerika te loop nie — om vir 'n party, deur volksverbrokkeling, iets te wen nie.

Daarom sê ons: **'n Stem vir 'n party is 'n stem vir verdeeldheid. Partyskap is volksvernietigend.**

### MINDERHEID VORM DIKTATUUR

Nog geen politieke party in Suid-Afrika het sedert 1910 die meerderheid van die volk agter hom gehad nie. Selfs gedurende die afgelope oorlogsjare kon genl. Smuts alleen met behulp van twee ander partye regeer. En met die verkiesing in 1943 het hierdie drie partye saam nog nie die helfte van die kiesers agter hulle gehad nie.

◉ Is dit dan demokrasie? Is dit dan 'n regering deur die meerderheid van die volk? Die partystelsel maak van demokrasie en volksregering 'n klug! Dit is 'n partydiktatuur.

◉ Daar sit baie meer demokrasie in 'n stelsel van beroepsverteenwoordiging waarin die natuurlike beroepe hul belange in die regering verteenwoordig en die hele volk dus so tot samewerking ingeskakel word.

◉ Maar die beroepspolitici beveg dit omdat dit die verdwyning van hul partye sal beteken, en omdat die O.B. vir so'n stelsel veg, beveg hulle ook die Ossewabrandwag.

### VERJAARDAGKETTING

24 MEI: Anna van Vuuren, Mamagalieskraal; Hendrik Theron, George; Elsabe Claassens, Rondebosch; Johannes de Wet, Aughrabies; Johanna Hoon, Carnarvon.

25 MEI. Theunis Swart, Bocham; Louis van der Westhuizen, Kaapstad; Jan van Walen, Port Elizabeth; Joey van Rensburg, Lambrechtsdrift; Marie Fourie, Stellenbosch; Anna van Wyk, Fraserburg.

26 MEI: Christie Wheeler, Bethlehem; Cornelia Venter, Groot-Marico; Annamari van der Merwe, Kromrivier; Wessel Marais, Port Elizabeth; Pieter Maritz, Sutherland; Joseline Smit, Bellville; Wilma Marais, Kirkwood; Alida Roos, Fraserburg; Thomsina Els, Pearston; Magaretha le Roux, Goudini; Mareanna Nel, Beaufort-Wes.

27 MEI: Phenia Meyer, Ruytersbosch; Adelheid Schreve, Uniondale; Sarie Goosen, Nababeep; Jacobus Bredekamp; Ceres; David Herselman, Rosewood; Hildegarde Muller, Johannesburg; Anna Maritz, Bosbokrand.

28 MEI: Gerhard de Jager, Utrecht; Hester Grobbelaar, Saintrust; Willie Jooste, Hauptrust; Martha Goosen, Tiervlei; Joey Maritz, Sutherland; Magdalena Brink, Sutherland; Sophia Grobbelaar, Saintrust; Esme Riedemann, Carnarvon; Charles Engelbrecht, Alheit.

29 MEI: Jacobus van Wyk, Hugenoot; Augus Weilbacht, Dendron; Marie du Toit, Wellington; Van Zyl Terblanch, Bellville; Hermanus Kitshoff, Woodstock; Pieter Truter, Alheit; Johanna Erasmus, Rustenburg.

30 MEI: Elizabeth Smit, Bethlehem; Frans du Preez, Makoppa; Theunis Theron, Merweville; Maria de Kock, Komgha; Hellie de Bruyn, Loxton; Lourens Erasmus, Maribogo.


**EIENDOMSAGENT BENODIG**

Ondergetekendes het 'n lewendige jong man nodig as Eiendomsagent. Moet kantoor- en besigheidsondervinding hê en baie aktief wees.

Goeie vooruitsigte vir die regte persoon.

Voorkeur sal aan 'n ontslane geïnterneerde gegee word.

Aansoek moet vergesel wees van volle besonderhede en afskrifte van getuigskrifte.

**KRIEK EN VAN DER LINDE**
**Posbus 299 — BLOEMFONTEIN.**

**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**

◉

**BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.**

◉

**BESTE HEERSENDE PRYSE.**

◉

***MINNAAR & VAN SCHOOR***
**Eienaar: GUSTAV RETIEF.**
**Telefoon 2-0212.**

**Excelsior Wyne en Brandewyne**

**Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.**

**PRYSLYS:**

| | Per Bottel in kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| **MOSKONFYT** | 1/6 | 6/6 per gell. in 4-gell. blikke |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is. Moskonfyt word egter net in 12 bottel en 4-gelling hoeveelhede voorsien.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel nl. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.**

Bestel van
**EXCELSIOR WYNMAKERY.**
(Eien. John Schoeman)
**Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.**
**VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**

